

## 25 Mei - HOOG/TE

**Skrifgedeelte: Jesaja 57:14-28**

**Fokusgedeelte: Jesaja 57:15a**

“Waar is jou God, Christen?” is ’n vraag waarmee die ongelowige wêreld ons vandag nog in ’n verleentheid wil bring. Wie onthou dan nie die Rus Leonow (die eerste mens wat buite sy tuig in die ruimte gesweef het) se woorde dat hy die hele ruimte kon inkyk, maar dat hy God nêrens kon sien nie.

“Ek woon in ’n hoë en heilige plek ...” Waar is die hemel – daarbo? As die hemel sy woonplek is, wat maak ons met die res van die sin: “... en Ek is by hom wat verdruk en nederig is”? God woon dan nie hoog nie, of nét hoog nie.

Iemand wil dalk sê ons moet die hoogte, die heilige plek waar God volgens ons teks woon, nie as letterlik *bo* verstaan nie, maar ruimer vertolk as *buite*, in die buitenste ruimtes. Die probleem is natuurlik dat as ons in dié rigting ons teks begin verklaar, is daar vir ons nie ’n verskil tussen die Olyfberg en Kaap Kennedy nie (Olyfberg, waar die hemelvaart van Christus plaasgevind het; Kaap Kennedy, waar ruimtetuie gelanseer word). As ek God in ruimtes bo en buite opsluit, is ek besig om Hom van die aarde af en uit te sluit.

Maar natuurlik bestaan dieselfde gevaar ook as God ’n woonplek uitsluitlik *binne* toegewys word – binne die mens. Dan is God weer binnegesluit.

Waar sal ek Hom vind? Hy is oral, verder nog as oral: Hy is oneindig. En óók by my. Hy kom deur sy Seun in die stukkende werklikheid in en Hy troos hulle: “Op my gans ander wyse sny my heiligheid vir jou ’n plek uit by My, deur Kersnag en kruisiging, opstanding en opvaart, uitstorting en inwerking van my Gees in jou kry jy ’n plek by My! Vir die onmeetlike ruimtes van die hemele is my heiligheid nie te klein nie, en vir die enkele vierkante meter van jou binnekamer is my heiligheid nie te groot nie.”

In in Openbaring 21 sien Johannes die woonplek van God is by die mense. Hy, die Heilige, alles en in almal!

*Sing: Psalm 145-1:2, 10 (1936-beryming) en 145-2:3 (2001-omdigting)*

*Ds JP Bingle (Emeritus)*